



Read aloud!

Welcome to your special World Read Aloud Day edition of the Nal'ibali supplement!

World Read Aloud Day is celebrated each year to encourage children, teenagers and adults to share the power of words with each other and thereby create communities of readers. It also reminds us that the right to literacy belongs to everyone. We all have the right to read, to write and to share our stories.

So why do we make such a fuss about reading aloud to children? Apart from just being fun, reading aloud is an easy way to make a big difference in a child's life.

When you read aloud to children you let them know that you value books and reading. Instead of just *saying* that you think reading is important, you behave in ways that show your children that it is important to you – you make the time in a busy life to sit down and share books with them regularly. Of course, another benefit to this is that you also show them that you think they are important, and this builds their self-esteem. And reading aloud to your children gives you things to talk about. It also helps you get to know each other and builds a bond between you.

When you read aloud and children enjoy the story, they see reading as an interesting and satisfying activity, and they realise why they should learn to read for themselves. Motivation is a very important part of becoming – and remaining – a reader. To make reading a habit, children have to *want* to read regularly.

Reading aloud shows children how we read and how books work. This knowledge makes it much easier for them to learn to read for themselves. Hearing new words and expressions used in stories also develops children's vocabulary and gives them a rich language to draw from when they read and write on their own. When we read aloud to our children, we can choose books that are far beyond their own reading ability, and in this way we can extend them as readers.

Do those seem like good reasons to read aloud to your children? World Read Aloud Day is now celebrated by over one million people in more than 100 countries. You can find ideas on how to join in with this year's celebrations on pages 2 and 3 of this supplement.

What's inside?

- ★ Ideas for ways to celebrate World Read Aloud Day
- ★ A special Nal'ibali World Read Aloud Day cut-out-and-keep book
- ★ Two other stories
- ★ A World Read Aloud Day badge

Wat's binne?

- ★ Idees vir maniere om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier
- ★ 'n Spesiale Nal'ibali knip-uit-en-bêreboekie vir Wêrelddag vir Hardop Lees
- ★ Nog twee stories
- ★ 'n Kenteken vir Wêrelddag vir Hardop Lees

Lees hardop!

Welkom by jou spesiale uitgawe van die Nal'ibali-bylae vir Wêrelddag vir Hardop Lees!

Wêrelddag vir Hardop Lees word elke jaar gevier om kinders, tieners en volwassenes aan te moedig om die mag van woorde met mekaar te deel, en om sodoende gemeenskappe van lesers te bou. Dit herinner ons ook daaraan dat die reg op geleterdheid 'n reg is wat aan almal behoort. Ons het almal die reg om te lees, te skryf en ons stories te deel.

Waarom maak ons so 'n ophef van hardop lees vir kinders? Buiten dat dit pret is, is hardop lees 'n maklike manier om 'n groot verskil in 'n kind se lewe te maak.

Wanneer jy hardop vir kinders lees, leer jy hulle die waarde van boeke en lees. In plaas daarvan om net te sê dat jy dink lees is belangrik, tree jy op op maniere wat vir jou kinders wys dat dit vir jou belangrik is – jy maak gereeld tyd in jou besige lewe om te gaan sit en boeke met hulle te deel. Natuurlik is nog 'n voordeel hiervan dat jy ook vir hulle wys dat jy dink hulle is belangrik, en dit bou hulle selfagting. En om hardop vir kinders te lees gee vir julle dinge om oor te gesels. Dit help julle ook om mekaar te leer ken, en dit bou 'n band tussen julle.

Wanneer jy hardop lees en kinders die storie geniet, beskou hulle lees as 'n interessante en bevredigende aktiwiteit, en hulle beseft dan waarom hulle self behoort te leer lees. Motivering is 'n baie belangrike deel daarvan om 'n leser te word – en te bly. Om lees 'n gewoonte te maak, moet kinders gereeld *wil* lees.

Wanneer ons hardop vir kinders lees, wys ons hulle hoe ons lees en hoe boeke werk. Hierdie kennis maak dit baie makliker vir hulle om self te leer lees. Wanneer hulle nuwe woorde en uitdrukkings hoor wat in stories gebruik word, ontwikkel dit kinders se woordeskate en dit gee vir hulle 'n ryk taalskat waaruit hulle kan put wanneer hulle self lees en skryf. Wanneer ons hardop vir ons kinders lees, kan ons boeke kies wat ver bo hul eie leesvermoë is, en op hierdie manier kan ons hulle vermoë as lesers uitbrei.

Klink dit vir jou na goeie redes om hardop vir jou kinders te lees? Wêrelddag vir Hardop Lees word nou in meer as 100 lande deur meer as een miljoen mense gevier. Jy sal op bladsye 2 en 3 van hierdie bylae idees kry oor hoe om deel te neem aan hierdie jaar se feesvierings.



Drive your imagination

Story Power.

Bring it home.
Bring dit huis toe.



Celebrate World Read Aloud Day!

Every year Na'ibali celebrates World Read Aloud Day to raise awareness of the importance of reading aloud to encourage children's literacy development. Each year we issue a special story in all 11 official languages. We then call on adults across the country to read the story out loud to the children in their lives on World Read Aloud Day and so help us break our previous read-aloud record. Last year, with your help, we read aloud to over 160 000 children, and this year we hope to set a new record!

This year World Read Aloud Day is on 24 February. Take this opportunity to read aloud to children that you know. South Africa's well-known singer, songwriter and literacy promoter, Yvonne Chaka Chaka, will be giving a reading of our special story that features Na'ibali's very own Neo. We would love it if you could join us too!



Yvonne Chaka Chaka

How to join in

1. Go to www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to sign up your family, reading club or school and help make this the biggest World Read Aloud Day event in South Africa.
2. Make Na'ibali World Read Aloud Day badges with your children. Use the template on page 16, or design your own badges.
3. On 24 February 2016, read our World Read Aloud Day story (*Neo and the big, wide world*) to:
 - ★ your own children, grandchildren, nieces and nephews
 - ★ children in your class or at your school
 - ★ groups of children at specially arranged events at your reading club, library or community centre.
4. Do other fun World Read Aloud Day activities. Use the ideas on page 3 to help you.

Vier Wêrelddag vir Hardop Lees!

Na'ibali vier elke jaar Wêrelddag vir Hardop Lees om mense bewus te maak van hoe belangrik hardop lees is en om sodoende die ontwikkeling van kinders se geletterdheid aan te moedig. Elke jaar publiseer ons 'n spesiale storie in al 11 amptelike tale. Dan doen ons 'n beroep op volwassenes oor die hele land om die storie op Wêrelddag vir Hardop Lees hardop vir die kinders in hulle lewens te lees en ons so te help om ons vorige rekord vir hardop lees te breek. Verlede jaar het ons met julle hulp vir meer as 160 000 kinders hardop geles, en ons hoop ons kan hierdie jaar 'n nuwe rekord opstel!


Hierdie jaar is Wêrelddag vir Hardop Lees op 24 Februarie. Gebruik hierdie geleentheid om hardop te lees vir kinders wat jy ken. Suid-Afrika se bekende sanger, liedjieskrywer en bevorderaar van geletterdheid, Yvonne Chaka Chaka, sal ons spesiale storie oor Na'ibali se einste Neo, hardop voorlees. Ons wil graag hê dat jy ook by ons moet aansluit!

Tips for reading aloud

1. Reading aloud is always a performance! Put lots of expression in your voice to create the mood.
2. If you are reading to a group of children, practise reading the story aloud a few times before you read it to them.
3. Start by reading the name of the author and illustrator so that your children appreciate that books are created by people just like them!
4. Allow time for your children to look at the pictures and comment, if they want to.
5. Help develop your children's prediction skills by asking questions like, "What do you think is going to happen next?"
6. Help develop empathy by making comments like, "I wonder how Neo felt when he couldn't play outside."

Wenke vir hardop lees

1. Hardop lees is altyd 'n opvoering! Gebruik jou stem om die atmosfeer te skep.
2. Indien jy vir 'n groep kinders lees, oefen 'n paar keer om die storie hardop te lees voordat jy dit vir hulle lees.
3. Begin deur die naam van die skrywer en illustreerder te lees sodat jou kinders beseft dat boeke deur mense, net soos hulle, geskep word!
4. Laat tyd toe vir jou kinders om na die prente te kyk en daarvoor te gesels, as hulle wil.
5. Help om jou kinders se voorspellingsvaardighede te ontwikkel deur vrae soos die volgende te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"
6. Help om empatie te ontwikkel deur opmerkings soos die volgende te maak: "Ek wonder hoe Neo gevoel het toe hy nie buite kon speel nie?"



Hoe om deel te neem

1. Gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi om jou familie, leesklub of skool in te skryf en help ons om dit die grootste geleentheid vir Wêrelddag vir Hardop Lees in Suid-Afrika te maak.
2. Maak Na'ibali Wêrelddag vir Hardop Lees-kentekens saam met jou kinders. Gebruik die patroon op bladsy 16, of ontwerp julle eie kentekens.
3. Lees op 24 Februarie 2016 ons storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees (*Neo en die grote, wye wêreld*) vir:
 - ★ jou kinders, kleinkinders, niggies en nefies
 - ★ kinders in jou klas of by jou skool
 - ★ groepe kinders by spesiaal georganiseerde byeenkomste, soos jou leesklub, biblioteek of gemeenskapsentrum.
4. Doen ander prettige aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Gebruik die idees op bladsy 3 om jou te help.



Drive your imagination

10 ways to celebrate World Read Aloud Day

1. Let your children make their World Read Aloud Day badges (see page 16) before 24 February so that they can wear them on World Read Aloud Day. (You can get extra copies of the badge or find it in other languages at www.nalibali.org.)
2. Read the special World Read Aloud Day story, *Neo and the big, wide world*. Go to www.nalibali.org or www.nalibali.mobi and sign up to let us know how many children you read to.
3. Choose some of the activities suggested for *Neo and the big, wide world* in the "Get story active" section on page 4.
4. Follow the instructions on page 16 to make a bilingual World Read Aloud Day banner (or poster) to display at home, your school, your library or your reading club.
5. Give your children some blank paper and crayons or pencil crayons. Invite them to design a new book cover for one of their favourite books.
6. At your school:
 - ★ arrange a special assembly to celebrate World Read Aloud Day
 - ★ organise for the older children to read to the younger children some time during World Read Aloud Day.
7. In your classroom, organise a Stop-and-Read Day. Make sure that you have lots of books and stories available for the children to read. Find something to use as a sound signal, like a drum or a plastic bottle filled with dried beans. Throughout the day on 24 February, whenever the children hear the sound signal, tell them to stop what they are doing and choose a book to read for 10 minutes.
8. At your workplace, tell your colleagues about World Read Aloud Day and then challenge them to spend at least 30 minutes reading to their children at home on 24 February. (Remember that you will have to meet or better the challenge too!)
9. At your school, library or reading club:
 - ★ arrange a Meet-a-Story-Morning on the Saturday closest to World Read Aloud Day. Invite the children to attend with their parents. Introduce them all to books that you know make good read aloud stories by reading to them from these books.
 - ★ have a Story Jam session, where the children choose their favourite storybooks to read or talk about to other children in a group.
10. Have fun playing Story-in-a-Circle with groups of adults and children, or just children. Let everyone sit in a circle. Then ask a few people to volunteer to stand in the centre of the circle. The people sitting in the circle create a group story by each adding one or two sentences to the story as it goes around and around. The people standing in the middle of the circle, act out the story as it develops.




You can download extra copies of our World Read Aloud Day story from www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.

Jy kan ekstra eksemplare van ons Wêrelddag vir Hardop Lees-storie by www.nalibali.org of www.nalibali.mobi aflaai.



10 maniere om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier



1. Laat jou kinders hulle kentekens vir Wêrelddag vir Hardop Lees (sien bladsy 16) voor 24 Februarie maak sodat hulle dit op Wêrelddag vir Hardop Lees kan dra. (Jy kan ekstra eksemplare van die kentekens kry, of dit in ander tale kry by www.nalibali.org.)
2. Lees die spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, *Neo en die grote, wye wêreld*. Gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi en skryf in om ons te laat weet vir hoeveel kinders jy gaan lees.
3. Kies van die aktiwiteite wat voorgestel word vir *Neo en die grote, wye wêreld* in die afdeling "Raak doenig met stories" op bladsy 4.
4. Volg die aanwysings op bladsy 16 om 'n tweetalige banier (of plakkaat) vir Wêrelddag vir Hardop Lees te maak om by die huis, by jou skool, biblioteek of leesklub uit te stal.
5. Gee vir jou kinders skoon velle papier en kryte of potloodkryte. Nooi hulle om 'n nuwe boekomslag vir een van hulle gunstelingboeke te ontwerp.
6. By jou skool:
 - ★ reël 'n spesiale saalbyeenkoms om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier
 - ★ reël dat die ouer kinders êrens op Wêrelddag vir Hardop Lees vir die jonger kinders lees.
7. Reël 'n Stop-en-Lees-dag in jou klaskamer. Maak seker jy het baie boeke en stories beskikbaar vir die kinders om te lees. Vind iets wat jy as 'n klanksein kan gebruik, soos 'n trom of 'n plastiekbottel vol droëbone. Wanneer die kinders op 24 Februarie deur die dag die klanksein hoor, moet hulle ophou met dit waarmee hulle besig is, en 'n boek kies om vir die volgende 10 minute te lees.
8. Vertel vir jou kollegas by jou werkplek van Wêrelddag vir Hardop Lees en daag hulle dan uit om op 24 Februarie minstens 30 minute lank vir hulle kinders by die huis te lees. (Onthou, jy sal ook aan hierdie uitdaging moet voldoen, of dit moet verbeter!)
9. By jou skool, biblioteek of leesklub:
 - ★ reël 'n Ontmoet-'n-Storie-Oggend op die Saterdag wat die naaste aan Wêrelddag vir Hardop Lees is. Nooi die kinders om dit saam met hulle ouers by te woon. Stel hulle bekend aan al die boeke wat jy weet goeie stories is om hardop te lees deur uit van hierdie boeke vir hulle voor te lees.
 - ★ hou 'n Storiesessie, waar die kinders hulle gunstelingstorieboeke kies om saam met ander kinders in 'n groep te lees of met hulle daaroor te gesels.
10. Geniet dit om Storiekring met groepe volwassenes en kinders, of net kinders, te speel. Laat almal in 'n kring sit. Vra dan 'n paar mense om vrywillig in die middel van die kring te gaan staan. Die mense wat in die kring sit, maak dan 'n groepstorie op deur een of twee sinne by die storie te voeg namate dit vorder. Die mense wat in die middel van die kring staan, voer die storie op namate dit ontwikkel.





Get story active!

Here are some ideas for using our special World Read Aloud Day book, *Neo and the big, wide world*, (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12) and the other stories, *Lulu* (pages 9 and 10) and *The farmer and his family* (page 14) with children.

Neo and the big, wide world

In this story, Gogo shares her favourite storybook with Neo and he learns how stories open up different world to us! This story can be enjoyed by children of different ages, but with very young children, you might wish to show them the pictures as you retell the story more simply in your own words.

After you have read the story aloud:

- ★ Encourage your children to interpret it by asking them to draw or paint a picture of their favourite part.
- ★ Together imagine and recreate a scene from the story using household items or other items in your environment. You could make it a life-sized version of the scene, or you could create a miniature scene in a shoebox.
- ★ Share your favourite childhood story with your children, just like Gogo did in the story.
- ★ With older children, discuss how they think stories and reading open up the big, wide world to us.

Lulu

This is a story about a little girl, called Lulu, who loves trying on clothes. It is written for very young children, but you can also use the story with older children by letting them read it in their mother-tongue first and then in the other language of the supplement. They can also read it to younger children that they know.

- ★ As you read the story together, do some of these things.
 - ♥ **Page 2:** Ask: "What can you see in the picture?" Point to the shoebox and say, "I wonder what is in there?"
 - ♥ **Page 4:** Ask: "Where are all Lulu's clothes now?"
 - ♥ **Page 5:** Ask: "Do you like Lulu's slippers? What kind of slippers would you like?"
 - ♥ **Page 6:** Point to Lulu's hat and say: "Look, Lulu is using the bowl as a hat!"
 - ♥ **Page 7:** Say: "Look, Lulu is pretending to take a dog for a walk!"
- ★ Tie some newspaper loosely around your children's feet to make some slippers. Give them coloured paper, old buttons, pieces of fabric, wool and glue to decorate their slippers!

The farmer and his family

In this story a farmer learns to think carefully about the advice that others give him, rather than simply doing as they tell him. This is a good story for reading aloud or retelling.

- ★ As you read the story, encourage your children to join you in saying the sounds words, like *Clip-clop!* and *Snuffle-snort!*
- ★ Encourage your children to make the farmer and the animals in the story from Plasticine or playdough. Then read the story aloud again while your children use their Plasticine/playdough characters to act out the story.
- ★ With older children, discuss how we should treat the advice that people give us. How do we know what advice to follow, and what advice is not in our best interests?



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar idees om ons spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, *Neo en die grote, wye wêreld*, (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12) en die ander stories, *Lulu* (bladsye 9 en 10) en *Die boer en sy familie* (bladsy 15) met kinders te deel.



Neo en die grote, wye wêreld

In hierdie storie deel Gogo haar gunstelingstorieboek met Neo en hy leer hoe stories verskillende wêreld vir ons oopmaak! Hierdie storie sal deur kinders van verskillende ouderdomme geniet word, maar met baie jong kinders sal jy dalk vir hulle die prente wil wys terwyl jy die storie op 'n eenvoudiger manier in jou eie woorde oortel.

Nadat jy die storie hardop gelees het:

- ★ Moedig jou kinders aan om die storie te interpreteer deur hulle te vra om 'n prent van hul gunstelingdeel te teken of te verf.
- ★ Verbeel en herskep saam 'n toneel uit die storie deur huishoudelike items of ander items in julle omgewing te gebruik. Julle kan 'n lewensgrootte weergawe van die toneel skep, of julle kan 'n miniatuurtoneel in 'n skoenboks skep.
- ★ Deel jou gunstelingstorie uit jou kindertyd met jou kinders, net soos wat Gogo in die storie gedoen het.
- ★ Bespreek met ouer kinders hoe hulle dink stories die grote, wye wêreld vir ons oopmaak.

Lulu

Hierdie storie gaan oor 'n klein dogtertjie, Lulu, wat baie daarvan hou om kleren aan te pas. Dit is vir baie jong kinders geskryf, maar jy kan ook die storie vir ouer kinders gebruik deur hulle dit eers in hul moedertaal te laat lees, en dan in die ander taal van die bylae. Hulle kan dit ook vir jonger kinders wat hulle ken, lees.

- ★ Terwyl julle die storie saam lees, doen sommige van die volgende dinge.
 - ♥ **Bladsy 2:** Vra: "Wat kan julle in die prent sien?" Wys na die skoenboks en sê: "Ek wonder wat daarin is?"
 - ♥ **Bladsy 4:** Vra: "Waar is al Lulu se kleren nou?"
 - ♥ **Bladsy 5:** Vra: "Hou julle van Lulu se pantoffels? Watter soort pantoffels sal julle wil hê?"
 - ♥ **Bladsy 6:** Wys na Lulu se hoed en sê: "Kyk, Lulu gebruik die bak as 'n hoed!"
 - ♥ **Bladsy 7:** Sê: "Kyk, Lulu maak of sy met die hond gaan stap!"
- ★ Draai koerantpapier liggies om jou kinders se voete om pantoffels te maak. Gee vir hulle gekleurde papier, ou knope, stukke materiaal, wol en gom om hulle pantoffels te versier!

Die boer en sy familie

In hierdie storie leer 'n boer om goed na te dink oor die raad wat ander hom gee, eerder as om bloot te doen wat hulle vir hom sê. Dit is 'n goeie storie om hardop te lees of oor te vertel.

- ★ Terwyl jy die storie lees, moedig jou kinders aan om die klankwoorde saam met jou te sê, soos *Klip-klop!* en *Snork-snork!*
- ★ Moedig jou kinders aan om die boer en die diere in die storie uit Plasticine of speeldeeg te maak. Lees dan weer die storie hardop terwyl die kinders hulle Plasticine-/speeldeeg-karakters gebruik om die storie op te voer.
- ★ Bespreek met ouer kinders hoe ons die raad wat mense vir ons gee, moet gebruik. Hoe weet ons watter raad om te volg, en watter raad nie in ons beste belang is nie?


Create TWO cut-out-and-keep books

Lulu

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Neo and the big, wide world

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Lulu

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.


Neo en die grote, wye wêreld

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination

“Hello! Who are you?” Neo called into one of the doorways.
 “Hello!” a tiny voice answered. “We are ants. We tell the stories of the world in here. Do you want to hear some?”
 “Hallo! Wie is julle?” roep Neo by een van die deurtjies.
 “Hallo!” antwoord ’n klein stemmetjie. “Ons is miere. Ons vertel die stories van die wêreld hier binne. Wil jy ook hoor?”




So, Neo climbed down and went on his way across the veld.
 Soon, he came across a mound of hard sand with little holes, like tiny doorways. He could hear a million busy voices inside, and the patter of six million tiny feet running about.
 Neo klim af en begin deur die veld stap.
 Gou kom hy op ’n harde sandheuweltjie af, met klein gaatjies daarin, soos klein deurtjies. Hy kan ’n miljoen besige stemme binne-in hoor, en die getrippel van ses miljoen klein voeties wat rondhardloop.

Neo and the big, wide world

Neo en die grote, wye wêreld

Vianne Venter
 Rico



It is a grey, rainy day and Neo is bored. He can’t go outside to play. Then Gogo brings something very special to share with him – her favourite book from when she was a child! As Gogo reads the book to Neo, his imagination takes him on an adventure into the big, wide world of the story until he eventually returns home to his cosy, warm bed.


Dit is ’n grys, reënigerige dag, en Neo is verveeld. Hy kan nie buitentoe gaan om te gaan speel nie. Dan bring Gogo iets baie spesiaals om met hom te deel – haar gunstelingboek van toe sy ’n kind was! Terwyl Gogo die boek vir Neo lees, voer sy verbeelding hom weg op ’n avontuur na die grote, wye wêreld van die storie, totdat hy uiteindelik terugkeer na sy snoesige, warm bed.

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children’s potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal’ibali is ’n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi





Neo looked out the window of his room at the grey view of the grey street with all the wet, grey people hurrying through the grey, pouring rain. He couldn’t go outside, and he had already read all his books to Mbali.

Just then, Gogo came in with her hair all twiggy from the wind outside. She was holding something Neo could see that it was flattish, and square-ish, and very colourful ... and it could open up – just like a treasure box!

“This was my favourite book when I was as young as you,” Gogo told Neo. “It was my door to the big, wide world.”


Then, she opened **the book**.

Neo kyk by sy kamervenster uit na die grys lug en die grys straat met al die nat, grys mense wat deur die grys, gietende reën skarrel. Hy kan nie buitentoe gaan nie, en hy het reeds al sy boeke vir Mbali gelees.

Net toe kom Gogo in, met haar hare wat in alle rigtings staan van die wind buite. Sy hou iets vas. Neo kan sien dit is platterig, en vierkanterig, en baie kleurvol ... en dit kan oopmaak – net soos ’n skatkis!

“Dit was my gunstelingboek toe ek so oud soos jy was,” sê Gogo vir Neo. “Dit was my deur na die grote, wye wêreld.”

Toe maak sy **die boek** oop.



And that is why, whenever the world seems too grey, and his room seems too small, Neo opens a book. He steps through a door between the pages, and goes off into the big, wide world.



En dit is waarom, wanneer die wêreld ook al grys lyk, en sy kamer te klein voel, Neo ’n boek oopmaak. Hy loop deur ’n deur tussen die bladsye, en vaar die grote, wye wêreld in.





Eventually, Neo came to a lot of water that rushed through the valley from morning till night. Neo stepped in to cool his hot legs. "The water splashed at his feet and giggled, "I am a river. I roam from the mountains to the sea. Come, follow me. I'll take you home." Uiteindelik kom Neo by 'n groot klomp water wat van soggens tot saans deur die vallei bruil. Neo stap in die water in om sy warm bene te laat afkoel. Die water spat om sy voete en giegel: "Ek is 'n rivier. Ek vloei van die berge tot in die see. Kom, volg my. Ek sal jou huis toe vat."

So, Neo slipped through the book, into his warm bed, in his cosy room, in his little house.



Neo glip toe deur die boek, tot in sy warm bed, in sy knus kamer, in sy klein huisie.





Neo dink hoe goed dit sal wees. Hy volg die rivier deur die vallei en tussen die berge deur. Saam dwaal hulle deur die agtermiddag en byna tot in die aand, totdat Neo uiteindelik bo-op 'n heuwel uitkom.

Neo thought how good that would be. So, he followed the river across the valley and between the mountains. Together, they wandered through the afternoon and almost into night, until at last, Neo reached a hilltop.

On the first page was a picture of a magical place, far away from the grey, grey day. The veld was green and gold and brown, with a great, big, blue sky above, and a warm, yellow sun, baking down.

“Wow! Is that real?” Neo gasped.



Op die eerste bladsy is daar 'n prent van 'n betowerde plek, ver weg van die grys, grys dag. Die veld is groen en goud en bruin, met 'n groot, wye blou hemel bo, en 'n warm, geel son wat neer bak.

“Sjoe! Is dit werklik?” vra Neo.

Neo thought about the veld and the tree and the ants and the river. And as he watched the gogo, a rainbow lit up the little house in colours so bright it looked like a picture in a storybook. Neo thought of his great adventure inside the pages of Gogo's favourite storybook, and he thought of her and Mbali and home.

Neo dink aan die veld en die boom en die miere en die rivier. En terwyl hy na die gogo kyk, baai 'n reënboog die klein huisie in kleure wat so helder is dat dit soos 'n prent uit 'n storieboek lyk. Neo dink aan sy groot avontuur in die bladsye van Gogo se gunstelingstorieboek, en hy dink aan haar en aan Mbali en aan die huis.






Lulu's doggie slippers!
Lulu se woefie-pantoffels!



What are these?
En wats die?



Lulu in a spotty dotty dress!
Lulu se kolletjiesrok!



We publish *what* we like

This is an adapted version of *Lulu*, published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in isiZulu, isiXhosa, English, Afrikaans, Setswana, Sesotho, Sepedi, Siswati, Xitsonga, Tshivenda and isiNdebele. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Lulu*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Afrikaans, Siswati, Sepedi, Sesotho, Setswana, Xitsonga, Tshivenda en isiNdebele. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (South African rights only) Tel: 011 628 3200



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination

Lulu
Lulu



Niki Daly

Lulu in stripy shorts and socks!
Lulu se strepiesbroek en kouse!



Lulu loves clothes.
Lulu hou van aantrek.

Lulu's hat!
Lulu se hoed!



What next?
Wat's volgende?



Smarty arty Lulu!

Kyk hoe mooi lyk Lulu!



The first thing he saw was tall and brown with a strong, wooden body. It had long, brown arms that reached up to the sky, and a big, twiggy head of leafy-green hair that swayed in the warm breeze. “Hello,” said Neo, his eyes wide. “What are you?” “I am a tree. I can see all the way across the great, gold plains. Come up, and look with me.” The tree reached out, and Neo climbed up.

Die eerste ding wat hy sien, is hoog en bruin met ’n sterk houlyf. Dit het lang, bruin arms wat opreik tot in die lug, en ’n groot, takkerige kop met blaargroen hare wat in die warm bries wieg. “Hallo,” sê Neo, sy oë wawyd oop. “Wat is jy?” “Elk is ’n boom. Ek kan oor die groot, goue vlaktes sien. Klim op en kom kyk saam met my.” Die boom reik uit na hom en Neo klim op.



At last, Neo peered through a window where an old gogo, with strong arms and twiggy hair like the branches of a big tree, closed a book and bent to kiss her little boy goodnight.

Uiteindelik loer Neo deur ’n venster waar ’n ou gogo met sterk arms en takkerige hare, soos die takke van ’n groot boom, ’n boek toemaak en afbuk om haar klein seuntjie nag te soen.

Gogo smiled. “Don’t you know? All stories are real, if you believe in them,” she said. Then she pointed to the place on the page where a little boy, just about Neo’s size, was walking across the veld.

As Gogo read, Neo closed his eyes and slipped away, over the hills ... across the great, brown earth ... off into the big, wide world.

Gogo glimlag. “Weet jy dan nie? Alle stories is werklik, as jy in hulle glo,” sê sy. Toe wys sy na die plek op die bladsy waar ’n klein seuntjie, omtrent so groot soos Neo, deur die veld stap.

Terwyl Gogo lees, maak Neo sy oë toe en hy glip weg, oor die heuwels ... oor die wye, bruin aarde ... na die grote, wye wêreld.





From there, he could see a little town, washed clean by the rains and gleaming in the light of the setting sun. Then the river gurgled gently, "Go on, go home. There are people who love you there, waiting to share stories with you."

Van hier af kan hy 'n klein dorpie sien, skoongewas deur die reën en glimmend in die lig van die ondergaande son. Dan murtel die rivier saggies: "Toe nou, gaan huis toe. Daar is mense daar wat lief is vir jou en wag om stories met jou te deel."

Neo remembered about the grey, pouring rain, and wondered if he should be out here. But in a story, you can do anything. There was no rain *here*. So, Neo set off across the veld.

Neo onthou die grys, gietende reën, en hy wonder of hy hier buite behoort te wees. Maar in 'n storie kan jy enigiets doen. *Hier* reën dit nie. En Neo hardloop veld toe.



He heard the voices of the veld. "Come out! Come out!" sang a little bird.

Hy hoor die geluide van die veld. "Kom uit! Kom uit!" sing 'n klein voëltjie.



"It's a beautiful day!" chirped the cicadas.

"Dis 'n pragtige dag!" suis die sonbesies.



"Come away, come and play," whispered the wind in the long grass.

"Moenie neul nie, kom speel," fluister die wind in die lang gras.



Neo went down, through the town. He saw the busy streets that rushed through the town, just like rivers. He saw houses, warm in the evening light. Inside them, people were busy, just like tiny ants.

Neo stap af, deur die dorp. Hy sien die besige strate wat net soos riviere deur die dorp bruis. Hy sien huise, warm in die aandlug. Binne-in sien hy besige mense, net soos klein miertjies.



Story stars

Connecting the rural to the city

Author, storyteller, publisher and rural arts activist, Shasha Seakamela, is one of the founders of an art and publishing movement called Rural in the Citi. This organisation works hard to promote the work and talent of different kinds of rural artists so that they have opportunities to show and sell their work in cities. We spoke to Shasha to find out more about this project and his thoughts on books and reading.

Give us examples of some of the things that Rural in the Citi (RITC) does.

We do a lot of different things! These are only some of them. We publish and promote literature in indigenous languages, and offer children's reading and art workshops. We also run arts projects in schools and community centres in rural villages around South Africa. You can find out more about what we do on our website: www.ruralintheciti.org.

Why are stories important?

Stories and books help children learn about the world just by enjoying the story. Even as adults, we use stories to make sense of our world and to share that understanding with others. Telling stories helps us share experiences, understand each other, and create community.

What kinds of stories does RITC publish?

We want to bring the ancient African myths back for children to enjoy.

Why do we need books in all South African languages?

The lack of reading materials in indigenous languages means that children are not motivated to read. We also need to have books in all languages to embrace and accommodate everyone's culture.

Who told you stories as a child?

My mother used to tell us stories in Sepedi. I learnt to read and write in Sepedi first. Even today, I write a lot in my home language before translating it into English.

Where do you read and write?

I read anywhere, anytime – at home, on the bus, in the taxi, at work! I always carry a book with me. I am always either reading or writing! I sometimes write on my cellphone.

When I read to children ...

... I make sure they understand what the story is about, and I explain where I need to. I let them ask questions. I also let them play – children learn through play.



Ruvan Boshoff



Ruvan Boshoff

Shasha with one of the bilingual books, *Chameleon makes a clever plan*, published by Rural in the Citi.

Shasha met een van die tweetalige boeke, *Chameleon makes a clever plan*, uitgegee deur Rural in the Citi.



Storiesterre

Bring die platteland en die stad bymekaar uit

Skrywer, storieverteller, uitgewer en landelike kunsaktivis, Shasha Seakamela, is een van die stigters van 'n kuns- en uitgewersbeweging wat Rural in the Citi genoem word. Hierdie organisasie werk hard om die werk en talent van verskillende soorte kunstenaars uit die platteland te bevorder sodat hulle geleentheid kry om hul werk in stede uit te stal en te verkoop. Ons het met Shasha gesels om meer oor hierdie projek en sy idees oor boeke en lees uit te vind.

Gee vir ons voorbeelde van sommige van die dinge wat Rural in the Citi (RITC) doen.

Ons doen baie verskillende dinge! Ek noem net 'n paar. Ons publiseer en bevorder literatuur in inheemse tale, en bied lees- en kunswerkwinkels vir kinders aan. Ons bestuur ook kunsprojekte in skole en gemeenskapsentrums in plattelandse dorpie oral in Suid-Afrika. Julle kan op ons webwerf meer uitvind oor wat ons doen: www.ruralintheciti.org.

Waarom is stories belangrik?

Stories en boeke help kinders om van die wêreld te leer deur bloot die storie te geniet. Selfs as volwassenes gebruik ons stories om sin te maak van ons wêreld, en om dan daardie begrip met ander te deel. Wanneer ons stories vertel, deel ons ervarings, verstaan ons mekaar en skep ons 'n gemeenskap.

Watter soort stories publiseer RITC?

Ons wil die ou Afrika-mites terugbring sodat kinders dit kan geniet.

Waarom het ons boeke in al die Suid-Afrikaanse tale nodig?

Die gebrek aan leesmateriaal in inheemse tale beteken dat kinders nie gemotiveer is om te lees nie. Ons het ook boeke in alle tale nodig om almal se kultuur te omarm en te akkommodeer.

Wie het vir jou stories vertel toe jy 'n kind was?

My ma het vir ons stories in Sepedi vertel. Ek het eers in Sepedi leer lees en skryf. Selfs vandag nog skryf ek baie in my huistaal voordat ek dit in Engels vertaal.

Waar lees en skryf jy?

Ek lees op enige plek – by die huis, op die bus, in die taxi, by die werk! Ek dra altyd 'n boek by my. Ek lees of skryf altyd! Ek skryf soms op my selfoon.

Wanneer ek vir kinders lees ...

... maak ek seker hulle verstaan waaroor die storie gaan, en ek verduidelik waar ek moet. Ek laat hulle vrae vra. Ek laat hulle ook speel – kinders leer deur te speel.

NAL'IBALI ON RADIO!

Tune in to your favourite SABC radio station and enjoy listening to children's stories! To find out the days and times that Nal'ibali is on the radio, go to www.nalibali.org/audio-downloads/.




NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel in op jou gunstelingradiostasie op SABC en geniet dit om na kinderstories te luister. Om uit te vind op watter dae en tye Nal'ibali op die radio is, gaan na www.nalibali.org/audio-downloads/.

The farmer and his family

By Shasha Seakamela ✨ Illustrations by Johann Strauss



A long time ago in Limpopo, there lived a farmer and his family – his donkey, his pig, his dog, his cat and his rooster. They all lived happily together on the farm. Then one day the rain stopped and there was no more water. The vegetables could no longer be watered and there was not much left to drink.

The farmer called his donkey, pig, dog, cat and rooster. “We have to move to a place where there is water,” he said. So they all left. The farmer took a few of his things with him in a bag. Together they walked along the dusty road one behind the other. *Tramp-tramp! Clip-clop! Snuffle-snort! Woof-woof! Meow-meow! And cock-a-doodle-doo!*



On their way to a place where there was water, the farmer and his animals met a crow. The crow watched them all walking and laughed at the farmer.

“*Kwaaa! kwaaa!* Why are you walking when you have a donkey? If I were you, I would ride on the donkey,” the crow said as he flew off laughing, “*Kwaaaa! Kwaaaa!*”

The farmer thought about this for a while. Then he decided to climb on the donkey’s back. He rode on the donkey while the other animals walked behind them. *Clip-clop! Snuffle-snort! Woof-woof! Meow-meow! And cock-a-doodle-doo!*

Soon they met a meerkat.

“*Woahaha! Woahaha!* You have no shame,” said the meerkat to the farmer as she sat up straight to stare at them. “How can you ride on the donkey’s back alone? Look how tired your pig is? His nose is dripping sweat.” Before she disappeared inside her home she laughed again, “*Woahaha! Woahaha!*”

The farmer stopped and thought about what the meerkat had said. He looked down at his pig and decided to let the pig ride on the donkey with him.

“Jump up, Pig! Jump up on the donkey’s back,” said the farmer. So the pig jumped up and sat behind the farmer on the donkey’s back. And they carried on walking. *Clip-clop! Woof-woof! Meow-meow! And cock-a-doodle-doo!*

At last the farmer saw a river, but it was still far away.

“We will go there,” he said pointing. The animals all agreed and they carried on walking until they met a jackal.

“*Haauauaua! Haauauaua!*” howled the jackal. “You are a horrible farmer. How can you and your pig ride alone on the donkey? Look how tired your dog is. She is panting. And your cat’s feet are dragging. And look at your rooster’s feathers, they are all drooping,” said the jackal disappearing into the bush, still laughing, “*Haauauaua! Haauauaua!*”

The farmer felt bad and decided that now they would all have to ride on the donkey’s back. He moved up towards the donkey’s neck.

“Jump up, Dog! Jump on top of the pig,” said the farmer. So the dog jumped on the pig, that sat on the donkey’s back, behind the farmer.

“Jump up, Cat! Jump on top of the dog,” said the farmer. So the cat jumped on the dog, that sat on the pig, that sat on the donkey’s back, behind the farmer.

“Jump up, Rooster! Jump on top of the cat,” said the farmer. So the rooster jumped on the cat, that sat on the dog, that sat on the pig, that sat on the donkey’s back, behind the farmer.

Along the road they walked. *Clip-clop, clip ... clop, clip ... clop!* They were close to the river, but by now the donkey was very tired.



Suddenly, right in front of them stood a hare.

The hare looked at them and said, “*Greeeeee! Greeeeee!* You are a cruel farmer. What has your donkey done to deserve such a punishment? Where I come from, everyone is treated with kindness.” Then, “*Greeeeee! Greeeeee!*” said the hare before disappearing into the bush.

The farmer thought about what the hare had said. He felt very bad. The farmer wanted to say something to the hare about all the things that had been said to him on the way, but the hare had already disappeared.

After another few steps, the donkey stopped suddenly and went down on his knees. The rooster crowed and flew off. The cat meowed and jumped down. The dog barked and ran off. The pig oinked and rolled onto the ground.

The farmer got off his donkey and stood scratching his head. He looked at his tired donkey and then went to fetch him some water. The farmer remembered all the things that had been said to him as he and his animals were walking along. He thought and thought and then he decided that never, ever again would he just do what he was told. He would think about it more carefully first and see if it was the right thing to do. He would also tell his animals what had been said and together they would decide what to do.

The farmer called his donkey, pig, dog, cat and rooster and they all sat down in the shade of a big marula tree. While they were sitting there, the farmer asked his donkey for forgiveness.

From that day on, they all became the best of friends. And from that day on, the farmer always treated all his animals with kindness.

The farmer and his family is also available as a picture book from Rural in the Citi. Go to www.ruralintheciti.org for more information.



Die boer en sy familie

Deur Shasha Seakamela ★ Illustrasies deur Johann Strauss

Storiehoekie

Lank, lank gelede het daar in Limpopo 'n boer saam met sy familie gewoon – sy donkie, sy vark, sy hond, sy kat en sy hoenderhaan. Hulle het almal gelukkig saam op die plaas gewoon. Maar op 'n dag bly die reën weg en daar is nie meer water nie. Die groente kan nie meer natgelei word nie, en daar is nie baie water oor om te drink nie.

Die boer roep sy donkie, vark, hond, kat en hoenderhaan. “Ons moet na 'n plek trek waar daar water is,” sê hy. So vertrek hulle toe almal. Die boer neem 'n paar van sy besittings in 'n sak met hom saam. Saam stap hulle in 'n ry met die stowwerige pad langs. *Slof-slof! Klip-klop! Snork-snork! Woef-woef! Miaau-miaau! En koe-ke-le-koe!*



Op pad na 'n plek waar daar water is, ontmoet die boer en sy diere 'n kraai. Die kraai kyk hoe hulle almal stap en lag vir die boer.

“*Kwaaa! kwaaa!* Waarom stap jy as jy 'n donkie het? As ek jy was, sou ek op die donkie ry,” kras die kraai toe hy weer laggend wegvlieg: “*Kwaaaa! Kwaaaa!*”

Die boer dink vir 'n rukkie hieroor na. Toe besluit hy om op die donkie se rug te klim. Hy ry op die donkie terwyl die ander diere agter hulle aanstap. *Klip-klop! Snork-snork! Woef-woef! Miaau-miaau! En koe-ke-le-koe!*

Sommer gou ontmoet hulle 'n meerkat.

“*Wa-wa-wag! Wa-wa-wag!* Jy het geen skaamte nie,” sê die meerkat vir die boer terwyl sy regop sit om na hulle te staar. “Hoe kan jy alleen op die donkie se rug ry? Kyk hoe moeg is jou vark? Die sweet tap by sy neus af.” Voor sy in haar huis verdwyn, lag sy weer: “*Wa-wa-wag! Wa-wa-wag!*”

Die boer gaan staan en dink na oor wat die meerkat gesê het. Hy kyk af na sy vark en besluit om die vark saam met hom op die donkie se rug te laat ry.

“Spring op, Vark! Spring op die donkie se rug,” sê die boer. Die vark spring toe op en gaan sit agter die boer op die donkie se rug. En so stap hulle verder. *Klip-klop! Woef-woef! Miaau-miaau! En koe-ke-le-koe!*

Eindelik sien die boer 'n rivier, maar dit is nog ver weg.

“Ons gaan daarheen,” sê hy en wys daarna. Die diere stem almal saam en hulle stap verder tot hulle 'n jakkals ontmoet.

“*Haauauaua! Haauauaua!*” huil die jakkals. “Jy is 'n wrede boer. Hoe kan jy en jou vark alleen op die donkie se rug ry? Kyk hoe moeg is jou hond. Haar tong hang uit. En jou kat se voete sleep. En kyk na jou hoenderhaan se vere, hulle hang almal,” sê die jakkals en verdwyn in die bos terwyl hy steeds lag: “*Haauauaua! Haauauaua!*”

Die boer voel sleg en besluit hulle moet nou almal op die donkie se rug ry. Hy skuif vorentoe tot op die donkie se nek.

“Spring op, Hond! Spring bo-op die vark,” sê die boer. Die hond spring toe bo-op die vark, wat op die donkie se rug agter die boer sit.

“Spring op, Kat! Spring bo-op die hond,” sê die boer. Die kat spring toe bo-op die hond, wat bo-op die vark sit, wat op die donkie se rug agter die boer sit.

“Spring op, Hoenderhaan! Spring bo-op die kat,” sê die boer. Die hoenderhaan spring toe bo-op die kat, wat bo-op die hond sit, wat bo-op die vark sit, wat op die donkie se rug agter die boer sit.

So stap hulle padlangs. *Klip-klop, klip ... klop, klip ... klop!* Hulle is naby die rivier, maar nou is die donkie pootuit.



Skielik staan daar 'n haas reg voor hulle.

Die haas kyk na hulle en sê: “*Greeeeee! Greeeeee!* Jy is 'n wrede boer. Wat het jou donkie gedoen om so 'n straf te verdien? Waar ek vandaan kom, word almal goed behandel.” Toe sê die haas weer: “*Greeeeee! Greeeeee!*” voor hy in die bos verdwyn.

Die boer dink na oor wat die haas gesê het. Hy voel baie sleg. Die boer wil iets vir die haas sê oor al die dinge wat langs die pad vir hom gesê is, maar die haas het reeds spore gemaak.

Na nog 'n paar treë, gaan staan die donkie skielik en sak op sy knieë neer. Die hoenderhaan kraai en vlieg weg. Die kat miaau en spring af. Die hond blaf en hardloop weg. Die vark oink en rol tot op die grond.

Die boer klim van sy donkie af en krap sy kop. Hy kyk na sy moeë donkie en gaan haal toe vir hom water. Die boer onthou al die dinge wat vir hom gesê is terwyl hy en sy diere gestap het. Hy dink en dink en toe besluit hy dat hy nooit, ooit weer net sal doen wat vir hom gesê word nie. Hy sal eers baie goed daaroor nadink en kyk of dit die regte ding is om te doen. Hy sal ook vir sy diere vertel wat gesê is en dan sal hulle saam besluit wat om te doen.

Die boer roep sy donkie, vark, hond, kat en hoenderhaan en hulle gaan sit almal in die skaduwee van 'n groot maroelaboom. Terwyl hulle so sit, vra die boer die donkie om hom te vergewe.

Van daardie dag af, is hulle almal beste vriende. En van daardie dag af, behandel die boer altyd al sy diere goed.

Die boer en sy familie is ook as 'n prenteboek beskikbaar by Rural in the Citi. Gaan na www.ruralintheciti.org vir meer inligting.



Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



★ Make a badge!

1. Cut along the red dotted line to cut out the badge.
2. Colour in the picture.
3. Cut a circle the same size as the badge from some thin cardboard, for example, a cereal box.
4. Use glue to paste the badge onto the cardboard.
5. Use sticky tape or masking tape to attach a safety pin to the back of the badge. Or make a hole at the top and thread some wool or string through it so that you can hang it around your neck.
6. Enjoy wearing your badge as you read and listen to stories on World Read Aloud Day.

★ Maak 'n kenteken!

1. Sny op die rooi stippellyn om die kenteken uit te knip.
2. Kleur die prent in.
3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is uit dun karton – gebruik byvoorbeeld 'n graankosboks.
4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.
5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of gare daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle stories lees en daarna luister op Wêrelddag vir Hardop Lees.



★ Make a banner!

Make a bilingual World Read Aloud Day banner (or poster) to display at your home, school, library or reading club. Cut out the words and pictures below that you would like to use on your banner, and glue them to a long sheet of blank paper. Then add your own writing and drawings, and/or cut out pictures and words from magazines and newspapers to complete your banner.



★ Maak 'n banier!

Maak 'n tweetalige banier (of plakkaat) vir Wêrelddag vir Hardop Lees om by jou huis, skool, biblioteek of leesklub uit te stal. Knip die woorde en prente hieronder uit wat jy graag op jou banier wil gebruik en plak hulle op 'n lang vel skoon papier vas. Voeg dan jou eie skryfwerk en tekeninge by, en/of knip prente en woorde uit tydskrifte en koerante uit om jou banier te voltooi.

I LOVE READING!
EK HOU
van Lees!

exciting
opwindend



relaxing
ontspannend

READING TAKES YOU PLACES!
LEES VOER JOU WEG!

enjoyable
genotvol

I am a reader!
Ek is 'n leser!



FUN
PRET



interesting
interessant



Supplement produced by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld



Drive your
imagination